

# As ons sukkel om te glo

Johannes 20:30-31, 21:1-14



## I

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, so vertel die skrywer van die Johannes Evangelie, het Hy verskeie kere aan verskillende mense verskyn. Aan Maria Magdalena; aan sy dissipels waar hulle agter 'n toe deur weggekruip het; aan Thomas, die een wat so gesukkel het om te glo; en toe weer aan 'n paar van sy dissipels op die strand van die see van Tiberias.

Daarmee wou Jesus Christus hulle help om te glo dat die Jesus van Nasaret wat hulle as 'n gewone mens hier op aarde geken het, nou die opgestane Christus is, verheerlik, goddelik. Die opgestane Christus is nou op 'n anderse, nuwe manier by hulle teenwoordig. Hy kan skielik verskyn, sommer deur die toe deur inkom, soos 'n gees sonder 'n liggaam, en dan weer netso skielik verdwyn. En tog is Hy steeds dieselfde persoon as die aardse Jesus wat hulle geken het, liggaamlik, menslik. Thomas kan sy vinger in die wonde steek – die opgestane Christus is steeds ook vlees en bloed. Jesus eet saam met hulle, soos een van hulle.

Natuurlik kan ons dit nie logies verklaar nie. Ons weet nie hoe dit werk nie: Liggaamlike mens, maar tegelyk ook verheerlik, goddelik, pure Gees? Dis 'n misterie. Eintlik kan ons dit maar net kinderlik glo, ons aan die misterie verwonder. En dis presies hoekom Johannes hierdie verhale vir ons opgeteken het, sodat ons kan glo, al verstaan ons dit nie. Sodat ons soos Jesus se dissipels kan glo – soos Thomas wat eers so gesukkel het om te glo en toe tog uitroep: “my Here en my God!”, en Petrus wat een oomblik ophou glo, liever maar weer soos van ouds visserman word, om net die

volgende oomblik oorboord te gaan en agter die opgestane Christus aan die water in te spring.

## II

Hierdie verhaal vertel hoe die dissipels agter Petrus aan besluit om maar weer te gaan visvang. Daar is iets moedeloos aan hierdie optrede, so asof hulle daarmee sê: dié hele ding rondom Jesus het toe op niks uitgeloop nie. Hy's doodgemaak; Hy is weg. Al het Hy aan ons verskyn, was dit seker bietjie soos 'n spook, of ons het ons dit maar verbeel. Ons is nou weer aan onself oorgelewer. Ons moet maar weer leer om van visvang alleen te leef, die lewe in ons eie hande te neem. Geloof help nie.

Daardie nag het hulle niks gevang nie, skryf Johannes. Asof hy wil sê: om sonder geloof net op jouself, op jou eie vermoëns staat te maak, het hulle toe vir hulle op niks uitgeloop nie.

Teen dagbreek staan Jesus daar op die strand vir hulle en wag. Eers herken hulle Hom nie. Met 'n deernis vra Jesus toe: "My kinders, het julle niks gevang nie, niks om te eet nie?" "Nee", antwoord hulle. Hy sê toe: "Gooi die nette aan die ander kant van die boot uit". Asof dít nou 'n verskil kan maak! Vreemd genoeg doen die geharde vissermanne toe wat die vreemdeling voorstel, teen hulle beterwete in. Hulle luister na die vreemde man se raad. En sowaar, hulle vang 'n groot komp vis, te veel om in te trek. Oorvloediglik! 'n Wonderwerk. En ... die nette het nie geskeur nie – nog 'n wonderwerk!

Net toe herken Johannes vir Jesus as die Here. En Petrus gaan oorboord, die see in, agter Jesus aan. Vir 'n visserman, en boonop kaptein van sy boot, was dit 'n mal ding om te doen, ongehoord! Maar Petrus kon homself nie keer nie ...

Toe hulle aan land kom, sien hulle Jesus het reeds 'n koolvuur gereed, met vis en brood. Dit was nog voor hulle die visse uit die net gehaal het. Die ontbyt wat Jesus gereed gemaak het, was nie afhanklik van hulle eie handewerk nie. Toe nooi Jesus hulle: "kom eet ontbyt!" Hy het die brood gebreek, dit vir hulle uitgedeel. So ook die vis. Saam het hulle daar ontbyt geëet.

Natuurlik het die dissipels niks hiervan verstaan nie. Hulle het dit selfs nie eers gewaag om vir Jesus te vra wie Hy nou eintlik was nie. Dit het bokant hulle verstand uitgegaan. En tog het hulle geweet: dit is Hy! Die opgestane Christus is hier by hulle. Hy leef. Hy los hulle nie alleen nie. Hy is steeds oor hulle besorg. Hy sorg steeds vir hulle. Dis dieselfde Jesus wat drie jaar by hulle was, maar daar is nou iets anders aan Hom, asof Hy Gees was, Goddelik, self God. Dié Jesus wat nou hier by hulle is, in niemand anders as God self nie! Daarom was daar ook 'n huiwering, 'n ontsag by hulle.

## III

Liewe vriende, dís wat geloof beteken. Om anderkant ons verstaansvermoë tog te kan wéét: Jesus leef en Hy is hier by ons. Geloof is om verby die onsienlike tog te sien dat Jesus Here is, Immanuel, God by ons; dat Hy vanmore ook hier by ons in die kerk is. Dat Hy ook by ons is as ons hier uitgaan, die gewone lewe in. Hy is by ons waar ons met ons gewone werk van elke dag besig is, ons visvang vir oorlewing. Hy is by ons wanneer ons teleurstelling ervaar, verlies, pyn, verwerping, eensaamheid, siekte. Hy is by ons wanneer ons bang is, angs ervaar, bekommernis. Hy, die opgestane Christus is

nie net transendent, daar ver, bokant hierdie aardse lewe nie, nee, Hy is steeds immanent, hier en nou, liggaamlik by ons teenwoordig, al sien ons Hom nie met die blote oog nie. Geloof is om dit te weet, om op Hom te bly vertrou, al verstaan ons nie hoe dit gebeur nie, al kan ons glad nie verklaar hoedat Hy hier, en gelyktydig oral, as menslike Jesus en tegelyk Christus die verheerlikte Here teenwoordig kan wees nie.

#### IV

Johannes se verhale van die verskyning van die opgestane Here wil vir ons sê:

- (1) Jesus verstaan dit dat ons sukkel om te glo, om verby die onsienlike te sien. **Hy begryp ons twyfel.** Daarom gee Hy vir ons sy Gees, daarom gee Hy vir ons sy Woord, daarom ontmoet Hy ons op onverwagte plekke, daarom breek Hy vir ons brood as sakrament, laat Hy ons sy merktekens orals sien, soms heel konkreet in sy medelye. Daarom sorg Hy elke dag vir ons, vir vis en brood – soms ook op ‘n wonderbaarlike manier. Daarom gee Hy vir ons susters en broeders, wat soos Johannes vir die res van die ongelowige dissipels kon uitwys: maar dis al die tyd Jesus wat hier by ons is en met ons praat, vir ons sorg! Jesus Christus weet van ons twyfel, daarom kom help Hyself ons om te glo.
- (2) ‘n Tweede waarheid wat Johannes in hierdie verhaal vir ons onderstreep is: nie net kan ons weet en glo dat Jesus Christus die lewende, opgestane Here steeds by ons teenwoordig is nie, **Hy is steeds ook dieselfde sorgsame, liefdevolle Here** soos wat ons Hom in sy aardse lewe leer ken het. Hy maak vir ons ontbyt, vis en brood, Hy breek dit vir ons, en Hy nooi ons uit na tafelgemeenskap met Hom. Kom, eet saam met my. As sorgsame, uitnodigende gasheer – só is die Here Jesus steeds hier by ons, tussen ons teenwoordig.